

SPINALE INLIGTINGSTUK



South African Society of Anaesthesiologists, Acacia Branch

Geagte Mnr/Mev. _____

U gaan `n spinale inspuiting kry vir een van die volgende redes:

- 1 As narkose vir u keisersnit met die voordele dat u verminderde risiko het van aspirasie en lugwegprobleme, wakker is om die geboorteproses te beleef, sowel as verlengde pynverligting na die operasie geniet.
- 2 As narkose vir u ortopediese operasie.

Spinale inspuitings is `n baie effektiewe en veilige metode van narkose. Die spinale inspuiting word deur u narkotiseur toegedien wat dan ook die tegniek aan u sal verduidelik. Kortliks behels dit die volgende: lokale verdoving word in die sittende posisie in die rug gespuit voor die toediening van die spinale inspuiting en brand vir n paar sekondes. Daarna word die spinale inspuiting toegedien terwyl u gevra word om glad nie te beweeg nie. Enige beweging van die pasiënt tydens die prosedure verhoog die risiko vir komplikasies. Hierna word u gevra om op u rug te le, waarna n warm en swaar gevoel van die voete na die middellyf versprei. Meestal word beide bene loodswaar en kan die pasiënt dit nie beweeg nie, hierdie gevoel keer om na n paar uur. Grootte tas en druk sensasie bly behoue maar die spinale narkose blok alle pyn impulse. Opper asb enige vroe tydens die pre-operatiewe besoek aan die narkotiseur.

Hier volg `n lys van komplikasies wat kan voorkom met die toediening van spinale inspuitings. Ons is uiteraard baie versigtig met die toediening hiervan, maar komplikasies kom ongelukkig tog soms voor en die behandeling daarvan kan verdere kostes vir u meebring.

Algemene komplikasies.

- 1 *Kardiovaskulêr*: U bloeddruk mag heel moontlik daal en u mag duiseligheid en/of benoudheid ervaar. Ons is bedag hierop en hanteer dit gewoonlik vinnig en effektief.
- 2 *Naarheid*: baie algemeen veral as u bloeddruk daal.
- 3 *Bewe*
- 4 *Jeuk*: veral in die gesig en is agv pynmiddels gebruik in die spinale inspuiting.
- 5 *Urienretensie*: Soms sukkel pasiënte om te urineer na `n spinale inspuiting en u mag nie huis toe gaan voordat u nie spontaan urineer het nie. Dit mag soms nodig wees om pasiënte

te kateteriseer en dat u in die hospitaal moet oornag. Met n spinale keisersnit word n kateter roetine weg ingeplaas en hoef u dus nie hieroor te bekommer.

6 *Warm gloede en verbygaande hoofpyn:* tydens n spinale keisersnit word daar n middel gespuit sodra die baba uit is om die baarmoeder te laat saamtrek, diè middel veroorsaak dikwels gloede en n hoofpyn, maar beide is van korte duur.

Skaars komplikasies.

1 *Gefaalde blok:* Dit mag gebeur dat daar nie geslaag word om die spinale inspuiting suksesvol toe te dien weens meganiese of lokale faktore in u rug bv. obesiteit of vorige rugoperasies. Andersyds mag die spinale inspuiting nie die mate van pynverligting bring as wat verwag word nie. In so geval sal ons die spinale inspuiting op n ander vlak herhaal of oorgaan na n algemene narkose tegniek toe.

2 *Hoofpyn:* Omdat die vliesie om die rugmurgsak raakgesteek word tydens n spinale inspuiting is daar n mate van lekkasie van rugmurgvog wat kan veroorsaak dat u hoofpyn mag ervaar. Daar is n verhoogde risiko in jong, swanger vroue maar ons gebruik deesdae n baie dun naald vir die spinale inspuiting wat die lekkasie baie verminder. Maatreels wat u kan toepas om hierdie komplikasie te verhoed is bedrus vir 8h postoperatief, inname van baie vloeistof en kaffeïen. Indien u borsvoed, neem die koffie of ander vorm van kaffeïen, direk na en so 3 ure voor die volgende voeding. Die behandeling van diè hoofpyn is bedrus en pynmedikasie vir `n paar dae, maar as dit nie help nie spuit ons onder steriele omstandighede in die teater van u eie bloed in hierdie spasie om die lekkasie van vog af te seël. Dit help in 97% van gevalle binne n paar uur.

3 *Rugpyn:* Om die spinale spasie te bereik steek ons `n naald deur die ligamente en sagte weefsel in die rug. Dit veroorsaak soms oppervlakkige rugpyn van wisselende duur.

Uiters skaars komplikasies

1 *Hematoom (bloeding):* Daar kan klein bloedvaatjies raakgesteek word met die spinale naald. Soms mag dit `n aanhoudende bloeding veroorsaak met drukking op die rugmurg en potensieel verlamrend kan wees as dit nie behandel word nie. `n MR ondersoek sal gedoen word as ons so `n probleem vermoed en die hematoom moet dan so spoedig moontlik dmv `n rugoperasie verwyder word. Meld asb aan u narkotiseur indien u enige middels gebruik (ook kruie medisyne) wat u bloedstolling kan beïnvloed of as u geneig is om maklik te bloei. Dit kan die risiko van epidurale hematoom verhoog.

2 *Hoë spinale blok:* Indien die lokale verdower te hoog in die rugmurgvog opsprei kan ons `n baie hoë blok kry met tydelik verlamrende effekte van die arms of asemhalingspiere.

3 *Sepsis:* Alhoewel ons uiters steriel werk is daar `n klein moontlikheid dat

daar `n oppervlakkige infeksie van die vel of selfs `n abses om die rugmurg kan ontstaan .

4 *Senuweeskade*: Dit kan ontstaan met die plasing van die spinale naald. Noem asb aan die narkotiseur indien u enige oormatige ongemak of pyn ervaar tydens die uitvoer van die prosedure.

5 Daar is ook nog `n paar ander uiters skaars komlikasies wat in die literatuur gedokumenteer is.

Ek verklaar hiermee dat ek die inligtingsstuk deurgelees het, die inhoud hiervan verstaan en enige onduidelikhede met my narkotiseur bespreek het. Hiermee gee ek toestemming vir die toediening van `n spinale inspuiting op myself/afhanklike.

Geteken te _____ hospitaal op _____200__(datum)

Handtekening_____ (pasiënt/ouer/voog)